

## 1 Desember - VERTRoue

**Skrifgedeelte: Jesaja 30:1-26 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 30:15, 18, 26 (OAV)**

**O**ns almal is op pad na 'n eindbestemming. Vir die kind van die Here wag die ewige lewe. Verse 19, 23-26 beskryf dit simbolies: 'n Volk sal op Sion, in die hemelse Jerusalem woon. Geen gehuil nie. God sal antwoord op die hulpgeroep. Reën in oorvloed. Brood sal smaaklik en voedsaam wees. 'n Sonskynlewe "op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is" (vs 26).

Maar op pad na daardie eindbestemming kom daar soms sware beproewings. Waar sal my hulp vandaan kom? Uit Jesaja 30:1, 2 blyk dit dat die volk Israel hulle hulp gaan soek het by wêreldse dinge (Egipte) en nie by die Here nie! Hoekom? Miskien redeneer hulle nes ons soms redeneer: Ek bid dat God my doring in die vlees moet wegneem, maar dan talm God. God vat te lank, sê ons soms! Dalk is jou doring in die vlees 'n siekte. Of dalk 'n ongehoorsame kind wat die bande met die ouerhuis verbreek het om die genietinge van die sondige wêreld uit te leef. Jy bid, maar dit voel asof die Here jou verstoet het en in die donker gelaat het. Van die wêreldse dinge (Egipte) sê die Here dat dit nietig en leeg is. Dit is soos 'n stormram wat stilsit (vs 7)! 'n Hond met blaf, maar geen byt nie!

Die Here roep ons terug (vs 15): "In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertrou bestaan julle krag!" Met ander woorde: Bekeer jou! Keer terug na God. Wees berouvol oor jou sonde. Aanvaar die verlossing wat God in Christus uit genade aan jou skenk. Rus van jou sonde en verlustig jou in die Here se beloftes. En dan – wag op die Here. Dit is: vertrou op die Here. Die Here neem sy tyd om jou te verlos.

God wag met ongeduld om ons genadig te wees en om Hom oor ons te ontferm (vs 18). Tog is God ook 'n God van die gerig. Dit beteken: God wag geduldig, maar met gretigheid. Die regte tyd moet aanbreek voordat Hy gebede verhoor.

Miskien wag Hy vir bekering by 'n geliefde. Miskien wag Hy op meer dankbaarheid. Miskien wil Hy leer: wees vergenoegd met dit wat ons uit genade ontvang het. My genade is genoeg vir jou!

Op Gó d se regte tyd sal Hy sál Hy sy vertroosting gee. Hou aan wag (vs 18)! In vertrou bestaan julle krag (vs 15)!

*Sing: Psalm 147:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds AH Stavast (Kroonstad)*